**Graad 6** **Afrikaans Huistaal** **Junie 2022**

**Vraestel 1** **Afdeling A** **Hardoplees**

**Kortverhaal:** My droom word bewaarheid

1 Vroeg die oggend staan ek op en stap na my laaikassie toe. Ek trek die boonste laai uit en haal die geld wat ek die afgelope ses maande as kelner verdien het, uit.

2 Ek stap kombuis toe en kry my ma voor die stoof. “Ek gaan vandag vir my ’n nuwe fiets koop, Ma. Die fooitjies het die afgelope ses maande omtrent ingestroom.”

3 “Ek wens regtig ek kon vir jou ’n fiets koop. Ongelukkig verdien ek nie genoeg met die vetkoeke wat ek verkoop nie,” sê Ma.

4 “Ma hoef regtig nie sleg te voel nie. Ma werk hard genoeg om te sorg dat daar kos op die tafel is.”

5 Ek groet Ma en stap bushalte toe. Met my beursie in my een hand, voel dit of ek skatryk is. Nadat die bus stilgehou het, klim ek en ’n tannie met woeste hare op.

6 Ek kon die nuus nou maar net nie vir myself hou nie. Ek het die tannie meegedeel dat ek vandag vir my ’n nuwe fiets gaan koop.

7 “Jy moet versigtig ry,” maan sy. “Daar is baie onverskillige motoriste.”

8 “Tannie klink nou nes my ma. Ek belowe dat ek ekstra versigtig sal wees.”

9 Nadat ek by die fietswinkel gekom het, sien ek ’n bloedrooi fiets met breë bande. Ek is sommer dadelik verlief op die fiets. Ek sien al in my verbeelding hoe ek en my vriende in die straat ry. Ek sal beslis my ma en die tannie se waarskuwing om versigtig te wees, onthou. Ek wil beslis nie met ’n gebreekte been of ’n opgefrommelde fiets sit nie. Ek wil beslis ook nie in die lykshuis beland nie.

10 Die eienaar kom nader en vra: “Kom jy al weer met jou oë koop?”

11 “Nee, Oom, hierdie keer het ek genoeg geld om een te kan koop. Ek sal graag daardie een wil koop,” sê ek terwyl ek in die rigting van die bloedrooi fiets wys.

12 Nadat ek vir my fiets betaal het, klim ek op my fiets en ry die straat af. Die volgende oomblik jaag 'n taxi in volle vaart verby my. Ek kan nie anders as om die tannie se woorde te onthou nie. “Ry versigtig. Daar is baie onverskillige motoriste!’’

<u>Rubriek</u>

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Vloeiend lees en pousering: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Stemtoon, stembuiging en beklemtoning: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Hoorbaarheid en uitspraak: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Totaal: 15** **/15**

**<u>Vraestel 1</u>** **<u>Afdeling B</u>** **<u>Luister en praat</u>**

**Fabel:** <u>Hoe Haas vir Olifant en Walvis gekul het</u>

1 Eendag het Olifant en Walvis met mekaar op die strand gesels.

2 “Olifant, jy is die sterkste dier in die bos. Jy kan met die ander diere doen nét wat jy wil. So kan ek weer met al die visse in die see doen nét wat ek wil. Ek is immers die sterkste vis in die see. Ons moet nou net besluit wat ons met hulle gaan doen.” Olifant het dadelik ingestem.

3 Hulle het nie geweet Haas het hulle afgeluister nie. “Ek sal hulle ’n les leer. Olifant moenie dink dat hy met ons kleiner diertjies kan doen nét wat hy wil nie,” dink hy.

4 Haas gaan haal ’n lang stuk tou. Toe hy met die tou op die strand kom, was Olifant nie meer daar nie. Hy vra vir Walvis om hom te help met ’n koei wat in die modder vassit.

5 “Natuurlik sal ek jou help,” sê hy, maar te bly dat Haas soveel vertroue in hom het.

6 Haas bind die tou aan Walvis se stert en sê vir hom dat hy net gou die ander punt van die tou om die koei gaan bind.

7 “Wag tot ek op my trom slaan en dan begin jy trek,” sê Haas.

8 Hy verdwyn agter die bosse en gaan soek vir Olifant. Hy vra vir Olifant dieselfde vraag. Olifant was maar te gewillig. Haas bind die ander punt van die tou om Olifant se slurp. Haas sê vir Olifant dat hy moet begin trek sodra hy op sy trom slaan.

9 Haas gaan sit agter ’n bos en slaan op sy trom. Olifant en Walvis begin trek. Walvis trek vir Olifant tot in die see. Olifant was so kwaad vir Walvis dat hy nooit weer met hom wou praat nie. Gevolglik het daar niks van hulle planne gekom nie. Olifant het besluit dat hy beslis nie met die kleiner diertjies sal doen nét wat hy wil nie.

**1 Luister na die eerste paragraaf. Bespreek die <u>ruimte</u>.** /1

**2 Noem slegs EEN karakter waar ons <u>dialoog</u> aantref.** /1

**3 By watter <u>karakter</u> vind <u>karakterontwikkeling</u> plaas en waarom sê jy so?** /2

**4 Waarom sou jy sê dat die bostaande ’n voorbeeld van ’n <u>fabel</u> is?** /1

**Praat:** Mier help vir Olifant

Rubriek

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Vloeiend praat, pousering en stembuiging: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Karakters, karakterontwikkeling en dialoog: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Hoorbaarheid, uitspraak en oogkontak: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Totaal: 20** **/20**

**Vraestel 2** **Afdeling A** **Leesbegrip**

**1 Legende:** Koning Midas

1 Midas was baie geldgierig. Hy het gereken hoe ryker jy is, hoe gelukkiger is jy.

2 Een middag sien koning Midas ’n boemelaar onder ’n boom lê. Hy neem hom vir tien dae in sy paleis en versorg hom. Hy gaan koop vir hom nuwe klere en sorg dat hy drie goeie maaltye op ’n dag kry. Toe Dionysus, die god van wyn, hiervan hoor, gee hy vir koning Midas ’n wens om hom vir sy goedheid te bedank.

3 “Ek wil hê dat alles waaraan ek raak, in goud moet verander,” sê die koning.

4 “U wens word toegestaan, koning Midas, maar u inhaligheid sal u nog berou!”

5 Koning Midas is baie opgewonde. Toe hy in sy koets spring, verander dit in goud. Koning Midas kan sy geluk nie glo nie. Toe hy tuis kom en aan die deure van sy paleis raak, verander dit in goud. So ook die blom wat hy in sy tuin pluk. Die koning trippel rond van blydskap. “Ek is ryk! Ek is die rykste man in die wêreld!”

6 ‘n Dienaar bring vir koning Midas kos. Toe hy daaraan raak, verander dit in goud. Midas besef dat sy inhaligheid nog sy dood gaan veroorsaak. Sy kinders kom die eetsaal binne en omhels hom. Hulle verander onmiddellik in goue standbeelde.

7 Hy berou dit dat hy gewens het dat alles waaraan hy raak, in goud sal verander. Hy besluit om weer na Dionysus te gaan. Hy deel hom mee wat nou gebeur het.

8 “Waarom het u my ooit daardie wens toegestaan? My kinders wat vir my kosbaar is, is nou slegs twee goue standbeelde. Hoe kan ek twee goue standbeelde liefhê? Ek smeek u, maak hierdie wens ongedaan.”

9 Dionysus kry hom jammer en sê vir hom dat hy hom in die Paktolusrivier moet gaan was. Nadat hy hom in die rivier gewas het, het hy ’n groot kruik vol water uit die rivier geskep en die standbeelde van sy kinders met hierdie water besprinkel.

10 Midas het sy les geleer. Hy het besef dat geld jou nie werklik gelukkig kan maak nie. Hy het die dinge wat werklik saak maak in die lewe begin waardeer.

| | | |
|---|---|---|
| **1.1** | **Wie is die <u>hoofkarakter</u> in hierdie legende?** | (1) |
| **1.2** | **Hoe weet ons dat die koning vir ander mense omgegee het?** | (1) |
| **1.3** | **Oor watter slegte <u>karaktereienskap</u> het koning Midas beskik?** | (1) |
| **1.4** | **Lees paragrawe 1 en 5. Watter <u>ooreenkoms</u> tref ons hier aan?** | (1) |
| **1.5** | **Lees paragrawe 6 en 10. Watter <u>les</u> het die koning geleer?** | (1) |
| **1.6** | **Lees die legende. Bespreek die <u>ruimte</u>.** | (3) |
| | **Totaal: 8** | **/8** |

**2 Die biografie:** <u>Carike Keuzenkamp</u>

1 Elizabeth Maria Magdalena (Carike) Keuzenkamp is op 3 Maart 1947 in Den Haag in Nederland gebore en het op ’n jong ouderdom saam met haar ouers na Suid-Afrika gekom. Sy het aan die Hoërskool Alberton gematrikuleer.

2 In 1967 het die lewe van die destydse onderwysstudent en joolkoningin van die Universiteit van Pretoria onherroeplik verander. Dit was juis op universiteit waar haar lewe met die dogter van die legendariese rolprentvervaardiger Jamie Uys gekruis het. Hy was besig om die rolprent *Die professor en die prikkelpop* te vervaardig. Carike het ’n klein rolletjie in hierdie rolprent losgeslaan. Sy het in haar wildste drome nie verwag dat sy eendag in ’n rolprent sou optree nie. Sy en ’n groep meisies het in een van die tonele in hul nagklere gesit terwyl sy op die kitaar getokkel en die liedjie “Timothy” gesing het.

3 Die sukses van “Timothy” het daartoe gelei dat Carike se debuutalbum, *The charm of Carike*, vrygestel is. In 1969 het Carike se eerste oorwegend Afrikaanse album, *Almal se keuse*, verskyn.

4 Sy het nog drie albums opgeneem, voordat sy en haar man, Olaus van Zyl, in die Verenigde State van Amerika gaan bly het. Hul eersteling is in daardie tyd gebore.

5 Met hul terugkeer na Suid-Afrika het Carike haar sangloopbaan hervat. Met die koms van televisie was sy die aanbieder van *Kraaines*. Die meeste kinders het hierdie program nooit misgeloop nie. Intussen het nóg treffers, soos “Byeboerwa” en “Hoeka toeka” gevolg. Terselfdertyd het sy ook begin om kinderalbums op te neem. Die

sukses van die langspeelplaat met "Heidi" as titelsnit het tot verdere kinderalbums gelei.

6 Haar *Carike in Kinderland*-reeks, asook haar albums saam met Ghoempie en Ghoeghoe het groot byval by kinders gevind. In 1995 is 'n album met nuwe opnames van haar gunstelingtreffers van die 1960's onder die titel *Timothy* uitgereik. In 2015, kort voor sy vyftig jaar in die musiekbedryf gevier het, is 'n volledige dubbele versameling van haar musiek onder die titel *5 dekades van Carike Keuzenkamp* uitgereik.

7 Carike Keuzenkamp is voorwaar 'n vrou wat hoogtes bereik het deur hard te werk.

**2.1 Watter liedjie het tot gevolg gehad dat Carike bekendheid verwerf het?** (1)

**2.2 Wat beteken: *Carike het 'n klein rolletjie in die rolprent losgeslaan?*** (1)

**2.3 Noem TWEE redes waarom jy sou sê dat Carike Keuzenkamp van kinders gehou het.** (2)

**2.4 Lees paragraaf 2. Watter emosie het Carike Keuzenkamp hier ervaar?** (1)

**2.5 Verskaf slegs TWEE redes waarom die bostaande leesteks 'n voorbeeld van 'n biografie is.** (2)

**2.6 Oor watter goeie karaktereienskap beskik Carike Keuzenkamp?** (1)

**Totaal: 8** **/8**

**3 Uittreksel uit 'n drama:** Die drie vriende

**Toneel 1: *Naby die stal op die plaas***

*Terwyl donkie in die stal staan, hoor hy hoe Boer met sy voorman praat.*

Boer: *(fluisterend)* Ek gaan vir Donkie veearts toe neem om hom te laat uitsit. Hy is al te oud om van nut op die plaas te wees.

Voorman: *(pleitend)* Kan ons nie maar vir Donkie op die plaas hou totdat hy 'n natuurlike dood sterf nie? Asseblief.

Boer: *(vasberade)* Nee, ek het klaar besluit.

**Toneel 2: *In die veld***

Donkie: *(in 'n vrolike stem)* Dankie tog! Ek is darem nou al 'n hele entjie van die opstal af.

*'n Ontstellende hondegetjank trek Donkie se aandag. Hy kyk rond en sien vir Hond agter 'n groot klip lê.*

Donkie: *(belangstellend)* Hoekom is jy so treurig?

Hond: *(hartseer en in trane)* My eienares wil van my ontslae raak, aangesien ek al te oud is om hulle te beskerm en skelms weg te hou.

Donkie: Wel, ons het dan presies dieselfde probleem. Kom saam met my.

*Terwyl hulle stap, hoor hulle hoe 'n kat agter 'n bossie sit en miaau.*

Donkie: *(verbaas)* Kat, wat maak jy so ver van jou mense af?

Kat: *(met 'n bewerige stemmetjie)* My eienaar wil van my ontslae raak. Hy reken ek is te oud om muise en rotte te vang.

Donkie: *(gerusstellend)* Moenie bekommerd wees nie. Jy kan saam met ons stap. Ons vlug ook vir ons lewens.

*Daardie aand slaap Donkie en Hond onder 'n boom, terwyl Kat in die boom slaap.*

**3.1 Skryf die <u>toneelaanwysing</u> neer wat daarop dui dat Hond nie gelukkig was omdat sy eienares van hom wou ontslae raak nie.** (1)

**3.2 Waarom wou die kat se eienaar van hom ontslae raak?** (1)

**3.3 Wat was die <u>oorsaak</u> daarvan dat elk van die bogenoemde drie diere gevlug het?** (1)

**3.4 Watter <u>emosie</u> het al drie die bogenoemde diere ervaar?** (1)

**Totaal:4** **/4**

# Stad ryk aan besienswaardighede

**Die Kasteel**

**Tafelberg**

**Robben-eiland**

**Die Waterfront**

**Vele wynplase met 'n ryk geskiedenis**

## Maak jou vakansie 'n fees!!

| | |
|---|---|
| **Kontak** | **Inligtingsburo** |
| **Telefoonnommer** | **021 4756 287** |
| **Adres** | **Adderleystraat 214** |
| | **Kaapstad** |
| **Webtuiste:** | **inligting@kaap.co.za** |

**4.1 Wie dink jy is die teikenmark vir die bostaande advertensie?** (1)

**4.2 Op watter TWEE maniere kan ons meer inligting omtrent hierdie besienswaardighede verkry?** (2)

**Totaal: 3** **/3**

## 5 Gedig: Son en Maan

*'n San-mite*

1 Die son is vol en rond
en deur die jaar gesond,
die maan is bleek en sieklik
en is net somtyds rond.

2 Die son is bitterlik jaloers
en hol die volmaan uit,
tot later net 'n ietsie oorbly:
'n silwer platboomskuit.

3 Die maan pleit met benoude stem:
"Ag, laat één ribstuk bly!"
Son sê: "Ja", en wat gebeur?
Die maan begin opnuut gedy.

*Hennie Aucamp*

***(Hennie Aucamp, 2008, ongepubliseer)***

**5.1 Wie is die digter van die bostaande gedig?** (1)

**5.2 Skryf slegs EEN versreël in strofe 1 neer waar ons assonansie aantref.** (1)

**5.3 Lees strofe 1. Hoe verskil die voorkoms van die son van dié van die maan deur die jaar?** (1)

**5.4 Skryf die versreël in strofe 2 neer waar ons personifikasie aantref.** (1)

**5.5 Lees versreëls 7 en 8. Waarmee word die maan vergelyk?** (1)

**5.6 Skryf die twee woorde in strofe 3 neer waar ons eindrym aantref.** (1)

**5.7 Haal 'n woord uit die gedig aan wat dieselfde beteken as "partykeer".** (1)

**Totaal: 7** **/7**

**GROOTTOTAAL: 30** **/30**

**Vraestel 2** **Afdeling B** **Taal**

**Koerantberig:** Maak tyd vir jou diere

*Leon Bonthuys*

1 KAAPSTAD – Dit is nie net in die Kerstyd en Nuwejaar dat troeteldiere verwaarloos en alleen gelaat word nie. Dis elke vakansie sulke tyd vir troeteldiere. Brett Glasby van die DBV het gesê dit gebeur dikwels dat eienaars hul diere onversorg by die huis laat wanneer hulle vir kort tye weggaan. Dit kan selfs oor naweke gebeur.

2 "Dis nie net altyd honde nie. Hulle is net sigbaarder as ander diere en maak dit makliker om verwaarlosing van troeteldiere aan te meld. Ons moet beter na ons diere kyk," het Brett Glasby gesê.

3 Glasby reken mense is deesdae te besig om tyd te kry om na hul diere om te sien. "Dis dán wat die diere op straat land en ons in kennis gestel word. Dan moet ons die diere gaan haal om vir hulle 'n nuwe, aanvaarbare tuiste te skep. Diere is altyd welkom by ons, aangesien ons 'n groot liefde vir hulle het. Rondlopende honde in die straat irriteer almal. Mense moet eers mooi dink alvorens hulle 'n troeteldier aanskaf. Daar is verantwoordelikhede betrokke."

4 'n Woordvoerder van die nasionale DBV in Alberton, Chris Kuch, het gesê hulle het so pas teruggekom van die snelweg waar 'n hond tydens spitstyd in die verkeer beland het. Hulle het hom net daar opgelaai en DBV toe gebring.

1 **Verdeel die onderstreepte woord in reël 1 in lettergrepe.** (1)
2 **Skryf die onderstreepte sin in reëls 2 en 3 oor as 'n vraagsin.** (1)
3 **Skryf die afkorting in reël 3 neer.** (1)
4 **Vorm 'n afgeleide werkwoord van die onderstreepte woord in reël 4.** (1)
5 **Skryf die gesegde in reël 5 neer.** (1)
6 **Skryf die onderstreepte sin in reëls 7 en 8 in die ontkennende vorm.** (1)
7 **Skryf die bywoord van tyd in reël 9 neer.** (1)
8 **Skryf slegs EEN byvoeglike naamwoord in reël 11 neer.** (1)
9 **Skryf die onderwerp in die onderstreepte sin in reëls 11 en 12 neer.** (1)
10 **Skryf die abstrakte selfstandige naamwoord in reël 12 neer.** (1)

**11** **Skryf die <u>teenwoordige deelwoord</u> in reël 13 neer.** (1)

**12** **Gee die <u>antoniem</u> vir die onderstreepte woord in reël 13.** (1)

**13** **Skryf die onderstreepte sin in reël 14 oor in die <u>toekomende tyd</u>.** (1)

**14** **Skryf die onderstreepte sin in reëls 15–17 oor in die <u>direkte rede</u>.** (2)

**Totaal: 15** **/15**

**<u>Vraestel 3</u>** **<u>Skryf</u>**

**Skryf 'n <u>artikel</u> van 140–150 woorde oor EEN van die onderstaande.**

Man met geskende gesig vind weer hoop. /
Die haglike omstandighede van die bewoners op die Kaapse Vlakte.

<u>Rubriek</u>

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Inleiding, slot en verslaggewer: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Inhoud en geloofwaardig: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Skryfstyl, taalgebruik en woordeskat: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Beplanning en paragrafering: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Of**

**Skryf 'n <u>kortverhaal</u> van 160–170 woorde oor EEN van die onderstaande.**

Die onderwyseres wat nie van verandering hou nie. /
Die raaisel wat nooit opgelos is nie.

<u>Rubriek</u>

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Inhoud en interessant: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Karakters, karakterontwikkeling en emosies: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Ruimte, gebeure, oorsaak en gevolg: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Beplanning en paragrafering: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Totaal : 20** **/20**

**EN**

**Skryf 'n <u>onderhoud</u> van 100–120 woorde neer wat jy *met jou sportheld* voer.**

<u>Rubriek</u>

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Inleiding, inhoud, slot en interessant: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Skryfstyl, formaat en dialoog: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Of**

**Skryf ’n <u>instruksieteks</u> van 60–80 woorde vir EEN van die onderstaande.**

Hoe om ’n verjaardagkaartjie te maak.

Hoe om ’n aartappelslaai te maak.

<u>Rubriek</u>

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Uitleg, benodigdhede, bestanddele en taalgebruik: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Chronologiese opeenvolging van instruksies: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Totaal: 10** **/10**